

Donderdag 3 April

Skrifgedeelte: Psalm 25

Fokusgedeelte: Psalm 25:8 (AFR2020)

Omdat die HERE goed en reg is, help Hy sondaars reg

Wanneer ons in die nood is, bid ons tot die HERE. Dit is wat die digter van Psalm 25 gedoen het. Hy het nie net gebid dat die HERE hom help teen sy vyande nie, Hy het ook gebid dat die HERE sy weë aan hom bekend sal maak en dat die HERE hom sal leer en lei.

Die HERE se leiding – dít is wat ons nodig het, wanneer ons in nood is. Dít is waarvoor ons moet bid. So word gebed leergeleenthede waar die HERE ons onderrig. Daar is sekere dinge wat ons slegs in gebedsgemeenskap met die HERE kan leer.

Ons grootste nood is die nood waarin ons weens ons sonde beland het. Daarom het ons die HERE se barmhartigheid, sy liefde en vergewing nodig – alles dinge waarvoor die digter van Psalm 25 gebid het en waarvoor ons ook moet bid.

Ons kán hiervoor bid, omdat die HERE goed en reg is en Hy daarom sondaars reghelp. Hy help sondaars weer op die pad van die lewe.

Dit is slegs moontlik omdat ons Here Jesus Christus aan die kruis gesterf het. As dit nie hiervoor was nie, sou geen sondaar ooit weer op die pad van die lewe kon kom nie. Hy het nie net die pad van die lewe vir sondaars moontlik gemaak nie, Hy leer hulle ook hoe om weer op die pad van die lewe te kom. Hy leer hulle dat berou en skuldbelydenis en geloof en bekering en dankbaarheid en gehoorsaamheid deel van hierdie pad is.

Dít is iets om oor bly te wees! Hoekom? Want ons is sondaars. Die HERE leer óns die pad. Hieroor jubel ons. Ons jubel in die HERE, want Hy help óns reg, omdat Hy goed en reg is.

Sing: Psalm 25-1:2, 4

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)